

20 Julie

1 Korintiërs 13, (Teks: 13:4a)

God se liefde maak jou geduldig

Ons maak van iemand 'n held wat kan wraak neem, altyd gereed is om terug te slaan en so sy man staan. Miskien is dit 'n erfenis uit die ou Griekse kultuur. Aristoteles het dit as 'n deug gesien as iemand die eienskap besit om geen belediging, kwetsing of vernedering te duld nie. Die mens moet altyd gereed wees om effektief te kan terugslaan. Niemand moet toegelaat word om met iets weg te kom nie.

Geduld is daarteenoor 'n kenmerk van die Christendom. Geen ander kultuur besit dit nie. Dit is een van die vrugte wat wys dat die Heilige Gees in jou woon. Die woord in die Griekse taal vir geduld dui daarop dat jy 'n lang lont het. Dit neem dus lank voordat die vuur by die dinamiet uitkom. Die gevolg is dit neem baie lank voordat jy ontplof. Nooit lees jy in die evangelies dat Jesus "ontplof" het nie. Ook wanneer jy geterg en geïrriteer word, moet mense kan sien: Jy glo in Christus en daarom is jy verdraagsaam. Hoe anders gaan die wêreld nie wees, as almal net geduldig kan wees nie! Hoe geduldig is jy?

Sing: Skrifberyming 21:1,4 Ds. P. J. Vermeulen (Vanderbijlpark-Oos)